

VOORBIDDING:

Wêreld: Griekeland, Siprus en Turkye. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Onrus in Zimbabwe en die terreurslagoffers in Nairobi.

RSA & Dorp: Polisie en beskermingsdienste - veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Brandslagoffers in die Wes-Kaap.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Geseënde sewe-weke-preekreeks.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Maretha Cillié (Marina), Jan Coetzee (Vriesenhof), Hein Fourie (Marina), Medley Hobson (Compacta) en Koos Theron (Marina).

Huis Horison Gholfdag

Huis Horison hou op 14 Maart hul jaarlikse gholfdag by die Stellenbosch Gholfklub. Daar is 'n middagveld met afslaantye tussen 12:00 en 14:00 en 'n oggendveld met afslaantye tussen 08:00 en 09:00. Skakel gerus vir Huis Horison (021 887 5080) vir navrae oor inskrywings en borgskappe.

If you change the way you look at things,
the things you look at will change.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 tot 13:00
Di - Vr: 08:00 tot 13:00

GROENgedagte #121 Die Earth Charter gaan so verder: **Earth, Our Home**

Humanity is part of a vast evolving universe. Earth, our home, is alive with a unique community of life. The forces of nature make existence a demanding and uncertain adventure, but Earth has provided the conditions essential to life's evolution. The resilience of the community of life and the well-being of humanity depend upon preserving a healthy biosphere with all its ecological systems, a rich variety of plants and animals, fertile soils, pure waters, and clean air. The global environment with its finite resources is a common concern of all people. The protection of Earth's vitality, diversity, and beauty is a sacred trust. Onthou dat die aarde nie 'n onuitputbare bron is nie. Die beskerming van die aarde se lewe, diversiteit en prag is 'n heilige werk vir almal op aarde. Woorde soos "volhoubare ontwikkeling" word baie gebruik. Ook woorde soos "om die biodiversiteit van die aarde te bewaar".
Ons geniet graag die prag, maar is ons bereid om minder te verbruik sodat die prag van die skepping eintlik net meer kan word? Skoon water en lug behoort 'n basiese reg vir alles op aarde te wees – nie net mense nie. Hoe kan ons meewerk om hierdie bronne skoon te hou?

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 20 Januarie 2019

Tweede Sondag ná Epifanie

Tema	Ingeprop en uitgeprop!
Teks	Markus 1: 32 - 39
Prediker	Monty Sahd
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens (Doopgeleentheid)
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
18:00	Jeugdiens: "Got Power? Waar plug jy in?"
18:00	Nagmaal by Bonheur

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Klub Sonder Brieke skop weer af!

Omkring *14 Februarie* op die kalender, want 2019 word afgeskop met 'n vrugtefees!

Tyd: 11:00 vir 11:30
Plek: Kerksaal
Koste: GRATIS!!
Gee jou naam op by die kerkkantoor voor of op *8 Februarie*. Moet beslis nie dié lekker saamkuiergeleentheid misloop nie!

Belangrike inligting vir Jeugbediening

Baie dankie aan almal wat gaan help om ons kinders te bedien hierdie jaar – die ouers wat aangaan met kategese, nuwe ouers wat bykom, asook die tieners wat gaan help by die Kleuterkerk. Sonder julle is hierdie bediening nie moontlik nie!
Indien jou kind nie verlede week ingeskryf is vir kategese nie, kan hulle net aansluit by hulle ouderdomsgroep. Al die fasiliteerders het ekstra vorms vir nuwe inskrywings.
Onthou die volgende reëlings:
Kleuterkerk: 09:30 (konsistorie tydens erediens)
Graad 1-7: Begin in die erediens en gaan na die saal ná die Kinderseën
Graad 8-11: Kom vanaand 18:00 in die kerksaal bymekaar
Graad 12: Kom vanaand 18:00 in die kerksaal bymekaar en sluit aan by Leon se Matriekgroep.

Doop vandag Baie welkom aan Lynn le Grange en haar ouers, Casper en Magdel. Welkom ook aan die grootouers en vriende en familie wat hierdie spesiale geleentheid bywoon.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 21/1 tot Sondag 27/1

Di 22/1	10:00	Bybelstudie (Bonheur)
Wo 23/1	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Teetuin**
So 27/1	09:30 09:30 18:00	**Erediens**: Elzanne van der Westhuizen (Nagmaal en bevestiging van nuwe kerkraadslede) Kleuterkerk en junior kategese Kerkbibliotaak ná die erediens in die vierkant. Jeugdiens

Die deuroffer vandag gaan aan Huis Andrew Murray: Huis Andrew Murray (HAM), 'n program van Badisa (NGK se omgee uitreik) en Diakonale Dienste (VGK se omgee uitreik), is 'n kinderhuis in Wellington wat sy ontstaan alreeds in 1898 gehad het. HAM bevorder, vanuit 'n Christelike lewensbeskouing, die volledige en gesonde ontwikkeling van 150 kinders op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein. Die kinders in die kinderhuis se ouderdomme wissel tussen 6 maande en 18 jaar. 12 kinders is afkomstig uit Stellenbosch en omgewing. HAM bestaan uit 12 huise met ongeveer 12 kinders in elke huis, elke huis met 'n eie huismoeder. 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van alle werksaamhede by HAM.

Die deuroffer verlede week aan Stellenbosch Jeuguitreik was R1 970-50.

Baie dankie!

Volgende week se deuroffer gaan aan die Alta du Toit-skool.

Geloofsgroei: Genooi om te volg



Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net 'n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe.
Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis 'n waagstuk om ja te sê vir Jesus. Geloofsgroei wil ons daarom help om nie net meer oor Jesus en ons beeld van Jesus na te dink nie, maar om Hom ook al hoe meer by ons lewenservarings in te laat en Hom daar te volg.

Almal is welkom om die Geloofsgroei byeenkomste op Woensdae om 09:00 of 19:00 in die konsistorie by te woon. Monty Sahd is die aanbieder in die eerste kwartaal.

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. **Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer.**

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Koinonia bediening

In 'n gemeente moet ons die heeltyd werk aan verhoudinge. Ons verhoudinge onderling wys God se liefde. Ons omgee en liefde vir vreemdelinge reflekteer God se liefde.

Die een ding wat verhoudinge kelder, is as ons mekaar nie vertrou nie. As gemeente is die een ding wat ons saambind, ons verbintenis aan die Here. Dit hou ons bymekaar, maar as ons mekaar nie vertrou nie, kan daar nie egte koinonia wees nie.

Daar is baie maniere om vertroue te bou, maar as vertroue eers gebreek is, is dit baie moeilik om te herstel. In die gemeente behoort ons altyd mekaar se bona fides te aanvaar en te weet elkeen tree met die groter prentjie van God se koninkryk op. Om egter oop en eerlik met mekaar te wees, moet ons weet die gemeente is 'n veilige ruimte waar ek maar myself kan wees. Ons moet elkeen saam bou aan 'n liefdesgemeenskap waar ons mekaar vertrou. Ons is elkeen daarvoor verantwoordelik.

Help ons asb met voorstelle oor hoe ons dit prakties kan doen. Die Koinonia Bediening se taak in die gemeente is juis hierdie SORG DRA vir mekaar in veilige verhoudinge, gekenmerk deur God se onvoorwaardelike liefde.

Datums vir 2019 se Kerkbiblioteek

27 Januarie
10 Februarie
24 Februarie
10 Maart
7 April
28 April
12 Mei
26 Mei
9 Junie
14 Julie
28 Julie
18 Augustus
1 September
15 September
6 Oktober
20 Oktober
3 November
17 November
1 Desember

Huisgeloof-uitdaging

Ons Huisgeloof-stukkies vir die volgende 7 weke is in die 7 wekeboekie beskikbaar onder "Familiebyeenkoms Tuis/ Familiegroepe". 'n Elektroniese weergawe van hierdie bladsy sowel as ekstra voorstelle sal elke week op die webwerf beskikbaar wees.

Dit is kosbare tye om as familie geloofstories te deel en tyd saam te spandeer! Neem hierdie uitdaging aan en doen as familie ten minste een keer per week saam huisgeloof.

Ons Barmhartigheidstema vir Januarie is die Jeug.

Ons deuroffers vir die Sondae in Januarie is vir Jeugwerk, Stellenbosch Jeuguitreik, Andrew Murray Kinderhuis en Alta du Toit-skool.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. Hierdie maand samel ons skoolbenodigdhede in vir behoeftige kinders.